

15 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 9:15-10:36

God met ons

Watter troosryke gedeelte het ons nie vandag saam uit die Woord gelees nie. Ons kan dit saamvat met die woorde: God met sy volk – vir ewig!

O, dit moes wonderlik gewees het om dit te kon beleef. Kyk daardie wolk bo die tabernakel! Dit simboliseer dat God naby aan sy volk is. Snags verander die wolk in 'n vuurkolom. Die lig van die vuurkolom is so helder dat die volk in die nag kan kamp opslaan en trek. God self bepaal die tye van oorstaan, of op pad wees en of die trek bedags of snags sal wees.

Verder het God – as God van orde – alles wonderlik gereël deur silwertrompette as luidsprekers te gebruik. Die priesters moes ook hierdie diens verrig. Deur hard of sag, of een of meer male te blaas is duidelik met die volk gekommunikeer. Ons lees dat God selfs in die hemel na die trompette geluister het. Dit het Hom aan sy volk herinner.

Ons verneem in 10:29 dat Moses vir sy swaer Gobab gevra het om saam te trek. Gobab ('n Midianiet) het die woestyn baie goed geken en kon vir die Israeliete van groot hulp wees. Al lei die Here sy volk, moes Moses steeds self baie praktiese keuses uitoefen. So is dit ook met ons.

Ons is eintlik meer bevoorreg as die volk destyds. Ons het God die Heilige Gees wat in ons woon. Ons het die volle Bybel as kompas waardeur die Gees ons lei.

Sing: Psalm 121:2,4

Dr NP Heystek (Wapadrant)